Ontmoeting 1

Mirjam vertel van Moses

Die kinders hoor hoe Mirjam gehelp het dat Moses gered word.

Teks: Eksodus 2:1–10
Hulpmiddels:

- Klein items om weg te steek en leidrade om dit op te spoor (skattejag)
- 2 Rottangmandjies
- Koerantpapier
- Fluitjie
- Prente van die storie (Laai van die webtuiste af: https://kixkinders.co.za/wp-content/uploads/2024/08/Moses-PPT-Afr.pptx)
- Maak genoeg afdrukke van die "verbind die kolletjies" aktiwiteit
- Kolwyntjie papiertjies of afdrukke van die mandjie en baba
- Stukkies lappe en raffia of stroke papier
- Afdrukke van die mandjie patroon
- Gom
- Klei
- Papier, foelie en skryfbehoeftes

Welkom

Wegkruipertjie: Laat die kinders vir 'n rukkie wegkruipertjie speel.
Skattejag: Steek goed weg en gee leidrade oor waar hulle dit kan opspoor.
Mandjie-speletjie: Laat die kinders in twee rye staan. Hulle vorm 2 spanne. Elke kind kry 'n stuk koerantpapier om op te frommel. Ongeveer 3 meter voor elke span word 'n mandjie neergesit. Blaas die fluitjie. Die kinders kry kans om een na die ander hul koerantpapierballe in die mandjie te probeer gooi en daarna agter in die ry in te val. Die span wat die meeste balle ingegooi het, is die wenners.

Wyding

Stilword-ritueel: Laat die kinders op hul magies lê met hul ogies toe en hul koppe op hul arms en hulself indink as skapies. Laat hulle 'n paar keer diep asemhaal en luister na die woorde van 'n liedjie wat Dawid geskryf het. Lees nou Psalm 23 vir hulle rustig voor.

Woord

Vertel die storie met behulp van die prente. (PowerPoint by: https://kixkinders.co.za/wp-content/uploads/2024/08/Moses-PPT-Afr.pptx)

Nadat Josef sy pa, Jakob, en sy broers na Egipte laat kom het, het dit baie goed met hulle almal gegaan. Vir 400 jaar het hulle baie kinders gehad en 'n sterk volk geword. Die nuwe koning van Egipte het dit gesien en het bekommerd geraak dat Josef se nageslag sterker as die Egiptenare was. Hy het hulle as slawe laat werk en opdrag gegee dat al die Israeliete se babaseuntjies onder 2 jaar in die Nylrivier gegooi moes word om te verdrink.

Mirjam se ma en pa was ook slawe. Sy het ŉ nuwe boetie gekry en hulle het hom weggesteek. Toe hy ouer en groter raak, kon hulle hom nie meer in die huis wegsteek nie. Mirjam se ma, Jogebed, het ŉ mandjie van biesies gevleg en dit met pik en klei toegesmeer sodat dit kon dryf. Hulle het die babatjie in die mandjie gesit en die mandjie met Moses daarin tussen die biesies van die Nylrivier neergesit.
Mirjam moes saamgaan om hom op te pas. Elke oggend het hulle Moses na die rivier geneem en Mirjam het hom dopgehou. Elke aand het hulle hom weer teruggevat huis toe. Die prinses van Egipte en haar diensmeisies het een dag daar aangekom. Hulle het die mandjie gesien en gaan kyk wat dit is. Daar kry hulle toe vir baba Moses in die mandjie. Die prinses wou graag self die baba hê, maar kon nie vir hom sorg nie. Mirjam het vinnig nader gekom en vir die prinses gevra of sy iemand kan gaan haal wat vir die baba kan sorg. Mirjam gaan haal toe haar eie ma, Jogebed.

So kon Moses deur sy mamma versorg word totdat hy groot genoeg was om in die paleis te gaan woon.
Moses het grootgeword en die man geword wat God gebruik het om die Israeliete uit Egipte te laat wegtrek.

Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder van watter deel van die storie het jy die meeste gehou.
2. Ek wonder wie is jy in die storie.
3. Ek wonder vir wie jy so sal beskerm.

Werskaf

- Verbind die kolletjies m.b.v. die syfers.
- Knip die mandjie en die baba uit, kleur dit in, draai die baba in ŉ stukkie lap toe en sit hom in die gleuf van die mandjie of kolwyntjie papiertjies.
- Vleg ŉ mandjie met die patroon wat verskaf word. Kopieer die patroon op karton en knip uit. Gee vir die kinders lang stroke papier of raffia wat hulle deur die karton vleg om ŉ mandjie te vorm.
- Maak ŉ mandjie van klei.
- Teken ŉ prentjie van Moses tussen die riete en plak raffia vir riete en foelie vir die rivier.

Sluit af met die seënbede